MEDIAVRYSTELLING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

MILITÊRE GESKIEDENISFEES GROEI BY MONUMENT

Pretoria 23 April 2013. Die Militêre en Geskiedenisfees wat verlede jaar weer by die Voortrekkermonument Erfenisterrein begin is, vind hierdie jaar weer op 1 Mei op die piekniekterrein plaas. Die fees was verlede jaar só gewild dat heelwat nuwe uitstallings hierdie jaar plaasvind.

'n Voormalige bevelvoerder van 61 Gemeganiseerde Brigade, Roland de Vries, sal om 11:00 'n praatjie lewer oor mobiele oorlogvoering en die kanon Susanna sal om 12:00 uur afgevuur word. Susanna is in 2003 deur die Monument van die *Cape Town High School* bekom. Sy is 'n Britse 6 pond- *gunade* skeepskanon, ca. 1820. Die *gunade* het 'n langer loop and dié van ou Grietjie wat by Bloedrivier gebruik is, wat 'n *carronade* is. Een van die groot trekpleisters is sekerlik die uitstalling van Milkor, wat hulle *Supersix* 40mm-granaatlanseerder uitstal saam met vorige geskiedkundige wapens wat deur die firma vervaardig is. Daar sal ook 'n uitstalling wees van skaalmodelle deur die *Zwartkop Scale Modellers*-klub.

Die Pantserformasie van die SANW gaan verskeie voertuie tot die fees bydra. Die skrywer van verskeie boeke, Paul Els, sal tydens die fees byderhand wees om eksemplare van die boeke te teken. Handelaars sal militaria, boeke, medaljes, uniformstukke en selfs militêre kunswerke verkoop.

Die fees word op 1 Mei van 09:00 tot 16:00 op die piekniekterrein van die Voortrekkermonument aangebied.

Kosstalletjies sal beslis enige honger stil en 'n bierkaravaan sal na die dorstiges omsien. Toegang behels R20 per voertuig, ongeag die getal insittendes. Belangstellendes kan Geraldine Paulsen kontak by bemarking@voortrekkermon.org.za of by 012 326 6770 met navrae.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za